

HOOFTSTUK VI

Samevattende Slotbeskouing.

Uit die ondersoek van hierdie verhandeling het sekere grondstellinge van die Opvoedkundige Sosiologie duidelik na vore getree:

A. Die Opvoedkundige Sosiologie ontstaan histories uit die die Algemene Sosiologie:

- (i) Die Sosiologie is struktuurwetenskap van die menslike samelewing.
- (ii) Die Opvoedkundige Sosiologie is Aspeksosiologie, ook genoem Spesiale Sosiologie, dus Sosiologie en Struktuurwetenskap.
- (iii) Opvoedkundige Sosiologie het spesifiek te make met die opleiding van onderwysers.

B. Die Opvoedkundige Sosiologie ondersoek die sosiologiese aspek, d.i. die empiriese gegewens binne die kader van die Teoretiese Opvoedkunde.

Hierdie empiriese gegewens is die wetenskaplik uitgeboude sosiologiese aspek waarvan die prinsipia en norme in ooreenstemming met dié van die Teoretiese Opvoedkunde is.

Binne hierdie raam bestaan daar in die algemeen en in die besonder 'n innige funksionele verhouding en verband tussen die Skoolopvoeding en die samelewing.

- (i) In hierdie verhandeling is aangetoon dat in die algemeen daar die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid en roeping in die sosiale orde bestaan: die twee pole van die opvoeding.
- (ii) By hierdie proses is die pedagogiese werksaamheid in die samelewing, altyd in ooreenstemming met

die eie aard, wese, bestemming en roeping van elke bepaalde samelewingsvorm.

- (iii) Die voortdurende opvoeding en beïnvloeding van die kind het op die oog die vorming en ontwikkeling van die wordende persoonlike verantwoordelikeids- en normbesef tot 'n uiteindelijke persoonsroeping.
- (iv) Hierby kom ook nog dat elkeen van die afsonderlike samelewingsvorme die draers en oordraers is van aanvullende kultuurmassas wat bydra tot die vorming van 'n min of meer enersse gedragspatroon, d.i. 'n kultuurpatroon.
- (v) Die opvoeding het ten doel die geleidelike inskerping van 'n groeiende persoonsroeping, hier en nou, op die mens as die aksiesentrum in die onverbreeklike drie-eenheid van mens, samelewing en kultuur.
- (vi) Die sosiokulturele werklikheid is voortdurend besig om te ontwikkel en te verander as gevolg van die sosiale prosesse van verandering wat 'n vorm van beheer meebring.

C. Binne die universele pedagogiese werksaamheid en roeping, is op die opvoedkundige lewensterrein veral die huisgesin, die kerk, die staat en ander samelewingsvorme wat, hoewel hulle nie deur die opvoedkundige funksie gekwalifiseer word nie, tog deur hulle struktuurnorm bydra tot die vorming en ontwikkeling van die wordende persoonsroeping van die kind.

D. Die skool word spesifiek gekwalifiseer deur die struktuurnorm<sup>prinsiep en -norm</sup> van onderwys en opvoeding. Die skool staan in die brandpunt van belangstelling, omdat dit deur

middel van die kind- en mensbeskouing, van die opvoedingsdoel, die inhoud van die leerstof, die metode <sup>van</sup> ~~van~~ tug, die administrasie en organisasie die kind en die groep bewustelik beïnvloed, ontwikkel en vorm om sy eie oewerlose bestemming op sy eie wyse met sy onderwys te verwerklik: d.i. die analitiese en estetiese interpretasie van die skoonheidsstruktuur van die geskapene.

Maar die skool staan in 'n verhouding van wederkerige wisselwerking, beïnvloeding, vorming en onderhouding tot die samelewingstotaliteit. Die sosiale orde verander snel, as gevolg van ekonomiese, tegniese, industriële en politieke magte, tot 'n nuwe sosiale orde waarin 'n beter <sup>en gesonde</sup> begrip van die tussenmenslike verhoudinge en gedragswyse noodsaaklik is.

Maar dan ook met die behoud van die individuele eieheid van en die enkeling en die groep en die volk binne en saam met ander in die sosiokulturele werklikheid.

E. Sowel by die ruimere sosiologiese beskouing oor die onderwys en opvoeding as by die engere opvatting van die skoolonderwys, is die faktor van gesag van fundamentele belang. „Gesag, dissipline en veral selftug is onafskeidbaar aan mekaar verbonde en ineenverweef in ons beskouing oor die opvoeding en onderwys" <sup>1)</sup>.

Ek wil afsluit met die volgende aanhalings: „... Education has little meaning without constant reference to the society in which the educated will have to live, or in other words that especially the training of teachers remains incomplete without an adequate knowledge of sociology/" <sup>2)</sup>;  
„ ... The genuine educator does not merely consider individual functions of his pupils, as one intending to teach him only to

---

1) Van der Walt: Ongepubliseerde Proefskrif, p. 575.

2) Mannheim, Sociology and Education, p. 4.

know or be capable of certain things; but his concern is always the person as a whole both in the actuality in which he lives before you now and in his possibilities, what he can become: 1).

Verder: „Sociology affords a clear view of the aims of education for it shows that distinctively human nature is second nature socially acquired and that if from birth one could be excluded from all social contacts he would remain a naked savage and a dumb brute. It illuminates the methods of education by its study of the effects of social contacts, and it supplies materials for moral instruction in the schools by its study of the relations between society and the individual and of the interdependence of groups. Such study presents in its full light the fact that all social life is teamwork. It tends to evoke the spirit of coöperation. It reveals grounds for ethical requirements and sources of ethical incentive" 2).

Ten slotte hoop ek, dat ek <sup>met</sup> hierdie uiteensetting van enkele grondstellinge 'n geringe bydrae gelewer het tot die bereiking van 'n groter besef en kennis van, 'n groter insig in en begrype vir die noodsaaklikheid van 'n kursus in die Opvoedkundige Sosiologie by die opleiding van alle onderwysers.

---

1) Buber, M.: Between Man and Man, p. 104.

2) Case, C.M.: Outlines of Introductory Sociology, p. 24.